# Debuut adem poëtiese sjarme

## Dié roman is ook 'n reisverhaal sonder duur kuipstoppe en borrelwater, skryf **Rachelle Greeff**.


***Wonderboom*** **deur Lien Botha. Uitgewer: Queillerie. Prys: R275.**

Dié roman is ook 'n reisverhaal, maar sonder borrelwater en Woolies Food-kuipstoppe. Dit begin waar die violis Magriet Vos 'n "goor affêre", 'n spreeu, eet. Sidney Malinga, 'n "maer Xhosa", verdrink in 'n ou Kuifie-T-hemp van Magriet se oorlede geliefde, Wim. Magriet bied vir Sidney die oorskiet-pootjies van die spreeu aan.

Die hiërargie tussen die hette en die nie-hette verdwyn nie wanneer 'n hele land genadebrood eet nie. Sidney het minder as Magriet. Magriet het weer minder as die klein, ryk elite in hul "kokon" agter hul "ringmuur". Hulle het "kapitaalkrag" en sal waarskynlik hul "eersteklastoestand" binne die omringende ekonomiese verval handhaaf. Eersteklas wat betref geld. Derdeklas na insig en meelewing. Moes hulle dit oorlewingshalwe afwerp? En wat, wonder 'n mens ook, is die omvang van die gaping tussen 'n kultuurmens en 'n Albino X wat in Frankryk deur die taksidermie betower is.

In Albino X se Vergelegen-vesting is 'n opgestopte Yolandi (skynbaar Yo-Landi Vi$$er) en Kurt (skynbaar Darren). Dis van Meneer X se greep in die Wes-Kaap wat Magriet na haar oorspronklike noorde vlug deur 'n wye en droewe land. Dis 'n onthutsende trek. Al lesend wil 'n mens instinktief oë toeknyp by tonele soos die een waarin sokker gespeel word met 'n uil, pleks van 'n sokkerbal. En gaan Magriet, soos van haar reisgenote, sienderoog gewelddadig sterf? Of gaan sy bloot versink in haar loodswaar kaboedel verdriet?

Maar mis jy die misère mis jy ook die vernuf van 'n nuwelingromansier. Botha is 'n knap verteller en stilis. Sy bewerk ook die magiese met poëtiese sjarme,




soos in die gesprek met een van die Groot Vyf.

"Luiperd, leen vir my net een van die rosette op jou pels, asseblief, sodat ek vanaand in die geheim kan skitter," vra Magriet. Maar "Luiperd is reeds vort, hy het in sy wildste drome 'n vlakvark gewaar."

Vir Luiperd is die vlakvark gelyk aan hoop. Net so gooi die skrywer telkens in die loop van Magriet se "wêreld vol gal" die reddingsboei van ratwisseling uit, of flits sy 'n glimlag. Weliswaar wrang. Byvoorbeeld: Van die akkerbome by Vergelegen (lankal nie meer die spogwynlandgoed in Somerset-Wes nie) is weinig oor. Meneer X het nie 'n snars bewaringsbewussyn nie omdat hy volkome bewussynloos blyk te wees in sy patologie.

"Dis vreemd om die laning so gestroop te sien, maar ten minste val daar nou heelwat meer son deur."

Ander kere bring net 'n weggooisin verligting: "Mans word goed grys." Of bars dit onverwags uit Magriet se onblusbare verbeelding. Een voorbeeld hiervan is haar moord op 'n vieslike vent met 'n "onooglike peester" waarmee hy dreig om haar te laat "runnik". Sy benadruk haar walging van hom deur hom met sy eie motor "gelyk met die aarde" te trap – en agterna die motor te steel. Vir my was dít so 'n opbeuring, ek wou iets ligsinnigs skreeu soos: *Go girl, go*!

Niks in die roman word toevallig benoem of gebeur lukraak nie. So sal Magriet se van, Vos, akademici vir lank boei met die verwysing na onder meer Anna M. Louw se roman *Vos*, wat ook fotografies in *Wonderboom* aanwesig is. En van Vergelegen gepraat: Albino X is nie Suid-Afrika se eerste (of laaste) grondskurk nie. In 1700 het goewerneur Willem Adriaan van der Stel sy werkgewer, die V.O.C., besteel om te woeker met dié stuk grond wat mettertyd geword het wat dit vandag in Anglo American se besit is.

Maar Magriet het meer as net sosiaal-politieke stabiliteit verloor. Haar geheue is ook aan die inkalwer, maar ook hier is prettige oomblikke. Sy onthou haar suster is Stella, maar wat is haar van? Dit begin met 'n A, reg? Jip, Artois! "Nee, dit is 'n soort bier."

Dié geheueverlies het my minder gegryp as die dinamika tussen 'n slim dogter (Magriet) en haar ewe slim BBP-pa. Maar die mees ontroerende is die deurlopende klaaglied van 'n bedroefde dogter. Magriet se gestorwe moeder, dierbaar en geduldig, "het in haar leeftyd die aardbol omsirkel met hekelgaring". Haar storie is afgestem binne die groter distopiese vertelling. En tog is dit sý wat die leser soos 'n arend bedags, of helder ster in die nag, op 'n troebel reis vergesel.

In onlangse onderhoude met die skrywer beantwoord sy die verwagte en ietwat geykte vrae oor die verband tussen haar fotografie en haar skryfwerk. Maar nie net kýk sy stip en geduldig nie, sy luister ook fyn. (In 'n utopiese wêreld sou 'n uitgewer 'n CD van die musiek en klank waarna verwys word saam met die boek kon verkoop.)

Ook sinspeel die roman op die tragiek van haar biologiese moeder, en hoor jy haar rocker-broer, Piet. Dié wonderlike werk geld enige wêrelddeel "wat met rooi kruise aanmekaargelap is". Mag dit wyd vertaal word.

■ **Rachelle Greeff is 'n skrywer en dramaturg.**